Dinsdag **10 September**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:1-8**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:1**
**Geluk in die wet van die HERE**

Stel jou die volgende vir ’n oomblik voor: Die voortdurende veranderende heuwellandskap waardeur jy ry; die knetterende kampvuur waarlangs jy sit; die golwe van die see wat ritmies die een na die ander op die strand breek. Iets van die beeldskone herhaling uit die natuur kry ons oor die wet in Psalm 119. Die Psalm kan ’n lied sonder einde genoem word. Pragtig digterlik word daar gesing oor die wil van die Here. Omdat dit so lank is, is dit nie so maklik om te lees nie. ’n Paar aanwysings kan hierby help.

Die terugkerende woorde oor God se wet (opdragte, voorskrifte, bepalings, bevele ens.) draai almal rondom een sentrale tema. Dit is dat God ons aan Hom verbind. Hy spreek ons aan en wys ons die pad om te volg. Aangrypend dat in die psalm “die wet” nie bestaan nie, maar wel “u wet”. Een saak wat duidelik is in hierdie Psalm: God is in sy gebooie teenwoordig.

Die Psalm is een en al gebed. ’n Dienaar van die Here spreek sy God aan en hy word deur Hom aangespreek. Daar is ’n deurlopende dialoog aan die gang. Dit word ingelei met twee saligsprekinge. Gelukkig is mense, gelukkig is hulle wat die wet van die HERE volg. Daarin is ware geluk. Daar is nie ’n ander gedeelte in die Bybel wat so vol van liefde vir God se gebooie is nie. Hier klop die hart van dissipelskap. Hier ontvang jy onderwys oor jou lewe in navolging van Jesus Christus. Die wet was die kosbaarste gawe aan die volk wat voor Jesus geleef het.

Vandag ontvang ons dit in Hom. Hy het immers gekom om die wet te vervul en nie af te skaf nie. Met oorgawe mag ons sing: Met my hele hart soek ek U; laat my tog nie afdwaal van u bevele nie.

*Sing: Psalm 119-1:1*

*Ds. GP (Gerben) Meijer (Waterkloofrand)*